

Sing vooraf: Psalm 51:1 (p. 260)

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 11 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 11 Hy sal dit uitroep: Heer, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bely die vergewing van ons sondes wat God gee met
Psalm 99:4, 5 (p. 492).*

Wet

Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Skriflesing: 1 Korintiërs 10

Teks: 1 Korintiërs 10:1-4

Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. (1 Korintiërs 10:1-4 AFR1953)

Ons dink nie gewoonlik so oor die saak dat die Israëliete wat daar deur die woestyn getrek het van Egipteland af na Kanaän toe, nie almal gedoop was nie.

- Ons normale opvatting is dat hulle besny was en daarmee was dit uit en gedaan.
- In hierdie gedeelte in die Korintiërbrief openbaar die Here dat hulle ook gedoop was.
 - Hulle was gedoop in die wolk en in die see.
 - Hulle het dieselfde geestelike voedsel geëet en dieselfde geestelike drank gedrink.

In wese is dit dus dieselfde as die sakramente van die doop en die Nagmaal, veral as ons dit saamlees met 1 Korintiërs 12:13

Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam . . . en ons is almal van een Gees deurdronge.

'n Baie belangrike element van die sakramente word hier openbaar gemaak, naamlik dat die gelowiges deur die sakramente gemeenskap met Christus en met mekaar beoefen.

1. Die betekenis van die tekens

2. Die rykdom van God se genade

1. Die betekenis van die tekens

Die Here begin die gedeelte met die woorde:

Ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees nie . . .

Hy wil iets belangriks onder ons aandag bring. Wat is dit wat so belangrik is dat die Here met klem ons aandag daarop wil vestig?

- Die Here was sigbaar met sy volk.
- Dit was afgebeeld deur die doop in die wolk en in die see.
- Al was daar nie een druppel water nie – hulle is droogvoets deur die Rooi See – was hulle nogtans gedoop.

Wat is die betekenis van die doop?

- Die Here openbaar deur die doop dat Hy sy volk verlos.
- Hy soek hulle op en sorg dat hulle onder alle omstandighede bewaar en behoue bly.
- Die doop is dus ook 'n onderwysmiddel wat ons aandag voortdurend op ons Verlosser Christus vestig.
 - Aan die een kant werk dit vermanend, want die wolk waardeur die teenwoordigheid van God afgebeeld was, was ook vir die volk tot vermaning. Dikwels het hulle God se stem gehoor.
 - Verder was dit ook om die volk te verseker dat die Here saam met hulle is. Hulle kon die wolk altyddeur sien en hulle kon die waterwal van die Rooi See sien toe hulle daar deurgetrek het.

Water is die simbool van reinheid en reiniging.

- Ons was daarmee die vuilheid van ons liggame af sodat ons weer skoon kan wees.
- In die tyd van Jesus Christus het die mense nog klipkanne vol water aangehou vir gebruik by hulle reinigingseremonies.

Net so is die water by die doop die teken van Jesus se bloed en Gees wat ons skoonwas van al ons sondes.

- Soos wat water die onreinheid van ons liggame wegneem, so neem die bloed van Jesus die onreinheid van ons siele weg.
- Net so maak die Heilige Gees ons van binne af skoon omdat Hy die onsuiverheid van ons gedagtegang en ons besluitneming beïnvloed om van die kwaad af weg te beweeg, en om die goeie te dink en te doen.

Daarom word dieselfde teken altyd oor en oor bedien tydens die doop: die boodskap bly dieselfde.

- Die teken verseël steeds dieselfde verlossing deur die enige en ewige God.
- Die mense is ook altyddeur sondaars wat twyfel in hulle geloof, en wat altyd maar weer op dieselfde manier verseker en getroos moet word.

2. Die rykdom van God se genade

Die sakrament van die doop verseël op 'n verborge manier aan ons God se genade.

- Ons kan dit nie sien nie – liever: ons kan dit in hierdie stadium nog nie sien nie,
- maar in die hiernamaals sal ons die vrugte daarvan baie helder sien as ons deur die strate van die Nuwe Jerusalem stap.

Dit beteken nie dat ons nie nou al daardie genade ken nie, want deur die geloof ken ons dit wel.

- Op 'n verborge manier word ons deur Jesus Christus as sy *eiendom gemerk*.
- Onsigbaar werk Hy die *wedergeboorte* in ons deur sy Gees.
- Net so onsigbaar werk Hy ook *geloof* in ons. Ons kan dit nou nog nie sien nie, maar Hy laat ons ook *deel in sy dood en opstanding*.

Tog word die dinge almal afgebeeld deur iets wat ons wel kan sien:

- Die doopwater wat oor ons vloei.
- Ons maak dit ook fisies deur dat ons wanneer ons gedoop word, ingelyf word in die gemeente.
- Verder kan ons die vrug van die wedergeboorte tog duidelik sien wanneer ons die sonde afsterf en steeds meer en meer in Christus lewe.

Die doop weerspieël ook reeds aan ons die nuwe lewe waarin ons met die wederkoms sal opstaan.

Anders gestel:

- Die doop maak reeds die vergesig van ons eie lewe in die hemel vir ons oop.
- Ons sal daar wees omdat Jesus Christus ons van alle sondesmet vry maak sodat ons daar kan wees.
- Die doop is dus die eerste teken wat ek ontvang dat ek regverdig verklaar gaan word wanneer ek in God se oordeel gaan staan.

Dan kom ons by onself.

- Ons het eerste die verantwoordelikheid om die doop te bedien soos wat Jesus Christus dit self ingestel het.

- Daarna moet ons 'n lewe leef wat by die doop pas – anders kom ons onder God se oordeel.

Wat is die betekenis van die doop soos Jesus dit ingestel het?

- **Die eerste** was die bevel aan die dissipels dat dopelinge gedoop moet word in die Naam van die Drie-Enige God: die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
 - Daarmee kom die Enigheid van God uit,
 - maar terselfdertyd dat die gedoopte aan die Vader die Seun en die Heilige Gees behoort.
- **Die tweede** is: die bevel van Jesus hou ook in dat slegs manne wat deur die Here daarvoor geroep is, in ons geval geordende predikante, die doop mag bedien.
- **In die derde plek** sal dit dan uiteraard slegs by geleenthede plaasvind waar die Woord van God amptelik verkondig word – in eredienste.
- **In die vierde plek** moet die doop met water bedien word.
 - Daarom word die doop die bad van die wedergeboorte genoem, soos Titus 3:5 wat leer dat die doop die bad van die wedergeboorte is, wat beteken dat dit aan ons die verandering verseël wat Jesus Christus vir ons verwerf het.
 - Daarmee saam leer Handeling 22:16 dat die doop aan ons die afwassing van die sondes verseker.
 - Dit is ons heiligmaking waarvan hier gepraat word.

Nou moet u dink wat ons met die doop moet doen. Dis die Heilige God wat mense heilig maak. Hy bevestig hierdie heiligheid aan die mense deur hierdie handeling wanneer Hy hulle doop.

- Leef jy so?
- Vloek 'n gedoopte wat die God van sy doop ken?
- Misbruik hy drank?
- Haat hy ander mense?
- Domineer hy sy lewensmaat?
- Is so 'n persoon lui en agtelosig?

Ons sou ook kon vra of iemand wat deur God gedoop is, en dus weet dat hy verlos is, so moedeloos word soos wat ons dikwels word. Daar is sommiges onder ons wat teer op swaarkry en moedeloosheid.

- ***Jy kan nie verlos wees en dan nog verbitterd ook wees nie. Dan ken jy nie die vrede wat God juis deur die doop in jou bewerk het nie.***
- 'n Verbitterde mens is iemand wat nie kan luister wanneer die Heilige Gees hom troos en vermaan dat hy hom aan die wilsbeskikking van God moet onderwerp nie.

Kyk net wat het met die ou Israelitiese vaders gebeur wat gedoop is in die wolk en in die see toe hulle ongehoorsaam geword het.

- Hulle het 'n goue kalf gemaak en talle van hulle is deur die Here doodgemaak.
- Hulle het vreemde vuur na die altaar van die Here toe aangedra – en baie van hulle is deur die Here doodgemaak.
 - By Sinai het die Here 3 000 doodgemaak.
 - By die berg Midian het die Here 23 000 doodgemaak.
 - In die saak van Korag is altesaam 147 000 deur die Here doodgemaak.

Die waarskuwing van die Here is baie helder: Ek verlos jou en Ek maak jou rein. Maar as jy ongehoorsaam is, straf Ek jou met die ewige dood.

Kom ons lees saam wat ons belydenis van die Heilige Doop leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 26:

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..." (Matt 28:19); en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 100:1-4 (p. 494)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 Junie 2008 (oggend)